




O.B. HERLEEF OP LAINGSBURG

Nadat die Ossewabrandwag in Laingsburg vir 'n paar jaar lank heeltemal dood was, is daar op 13 Junie weer 'n lewenskragtige kommando met 'n volledige offisiërskorps in die lewe geroep op 'n vergadering wat hgenl. P. R. Retief, vergesel van genl. W. R. Laubscher, voorligtingsoffisier, aldaar gehou het. Meer as dertig lede is onmiddellik ingeskryf.

Mnr. P. F. Theron is aangestel as hoofkommandant en mnr. J. B. Pauw as kommandant. Die ander offisiere is mnr. W. L. Stegman, adjudant, F. D. Conradie, kwartiermeester, J. J. Botma, Gert de Villiers en H. Bedeker, veldkornette, en mev. J. Botma, A. Calitz en mej. M. Bedeker, veldkornettes.

In sy toespraak het genl. Laubscher daarop gewys dat Laingsburg voor die skeuring indertyd een van die staatsmaker-kommando's in Kaapland was. Met hierdie nuwe stigting van die Beweging na soveel jare van onbedrywigheid en met die leiers wat die taak weer aangepak het, word baie van die kommando verwag.

BAIE IMMIGRANTE REEDS UIT WERK GESKOP WEENS ONBEKWAAMHEID

Die verklaring van die regering dat hy alleen gekeurde vakmanne as immigrante na Suid-Afrika laat kom, blyk tans 'n leë frase te wees in die lig van die feit dat verskeie van sy „vakman-immigrante” wat hy uit Brittanje ingevoer het, tans by die Kaapstadse stadsraad aansoek doen om algemene handelslisensies.

Origens word diegene wat in die bedryfslewe opgeneem is, op groot skaal weens onbekwaamheid in die pad gestee.

Sommige van die immigrante was net veertien dae in die Unie toe hul aansoek ingedien is om handelslisensies. Ander was reeds twee maande in die Unie en behoort dus sonder twyfel tot die immigrante wat onder die huidige skema na Suid-Afrika gebring word.

Ondersoek wat deur die O.B. by die betrokke afdeling van die Kaapse stadsraad ingestel is, toon 'n reeks aansoek om handelslisensies van Brits-gebore persone wat vir 'n tydperk van ses maande tot veertien dae in die Unie is. Minstens tien immigrante het die afgelope tyd sedert die immigrasieskema in werking is, die handel as hul toekomstige lewensbestaan in Suid-Afrika verkies. Dit sluit nie die aansoek vir Juniemaand in nie. Die stadsraad het ook 'n paar aansoek van persone wat barbierwinkels wil open, ontvang. Blykbaar reken die regering dat daar 'n groot tekort aan haarkappers in die Unie is en beskou hy dit as lewensbelangrik vir die land se vooruitgang om barbiers in te voer.

Onder diegene wat aansoek gedoen het om tot die handel toegelaat te word, is boekhandelaars, skoehandelaars en algemene handelaars.

ONBEKWAAM

Namate die sogenaamde gekeurde vakman-immigrante uit

Vliegrekord

Deur 'n snelheid van 623.8 myl per uur te behaal in 'n Lockheed Shooting Star, 'n spuitangedrewe vliegtuig, het 'n Amerikaanse vliegenier verlede week die wêreldrekord vir snelheid in die lug geslaan. Die vorige rekord was 616 myl per uur ook met 'n spuitangedrewe vliegtuig.

Brittanje in diens geneem word, blyk dit dat baie van hulle geen vakmanne is nie en selfs nie eens in staat is om hul vakbond sertifikate te toon nie. Hulle word tans streep-streep uit die motorbedryf in Kaapstad ontslaan. Selfs die Cape Times, een van die grootste voorpraters van die immigrasieskema, moet hierdie feit in sy nuuskolomme erken.

Sowat veertig van die immigrante wat in die motorbedryf in Kaapstad opgeneem is, is as onbekwaam bevind en baie van hulle is reeds ontslaan nadat hulle slegs twee weke in diens was. Sommige van diegene wat reeds in die vakbonde toegelaat is, is van die vakbondlys geskors.

GAPINGS

Dat hierdie mense wat geen vakmanne is, wel deur die regering se keurkomitee as vakmanne gekeur is, toon watter gapings daar in die komitee se keuring is. Vakbondkringe in Kaapstad dring tans daarop aan dat die stelsel van keuring hersien moet word sodat dit moontlik sal wees om die voorgegewe kwalifikasies van die immigrante te ondersoek en vas te stel of dit juis is.

Met hierdie tipe immigrant is die regering dus nou besig om werkloosheid van uit Engeland na Suid-Afrika in te voer. Onder die immigrante wat verlede Vrydag in Kaapstad geland het, was daar 120 wat geen werk gehad het nie en wat op goeie geloof na die Unie gekom het.

Politieke Herlewing

Die honger in Duitsland het ook weer lewe op politieke gebied gebring. 'n Reuse skare luister na die leier van die Sosiaal-demokratiese Party, dr. Kurt Schumacher, wat hulle toespreek oor die buitelandse politiek.

Samewerking Met Russe Saak Van Verlede BEVIN DRAAI SY RUG

Die breuk tussen Rusland en die Westelike demokrasieë het verlede week 'n stap verder gevorder toe Rusland te kenne gegee het dat hy niks te doen wil hê met die plan van genl. Marshall, Amerikaanse minister van buitelandse sake, om Europa deur middel van gesamentlike optrede te red nie.

Ernest Bevin, Britse minister van buitelandse sake, wat na die onlangse mislukte konferensie in Moskou nog steeds die hoop uitgespreek het dat samewerking met Rusland nog nagestreef moet word as 'n moontlikheid, het in die Britse laerhuis in die sterkste taal wat hy nog ooit teen die Russe gebruik het, uitgebars. Hy het die skuld vir die verdeeldheid van Europa op Rusland se skouers gepak, en hom verder beskuldig dat hy deur middel van dwang alle opposisie teen minderheidsregerings in Oos- en Suidoos-

Europa probeer uitwis, dat hy burgeroorlog in Griekeland stook en dat hy niks wil doen om die ekonomiese eenheid van Duitsland te herstel nie.

Bevin het gesê dat hy die kortste pad moontlik gaan volg om Europa te red en dat hy die metodes van voorheen om Rusland tot samewerking te oorreëdel beslis verwerp. „As daar 'n botsing van ideologieë moet wees, sal ek dit betreur, maar as dit op ons afgedwing word, moet ons dit aanvaar,” het hy gesê en bygevoeg dat die Westerse volke in elk

geval op die lange duur nie die lydende party sal wees nie.

Die reaksie teen Rusland in Brittanje is so sterk dat een van die Russiese pleitbesorgers in die Arbeidersparty, Richard Crossman, wat selfs teen Bevin se toegewende beleid ten opsigte van Rusland in die verlede gerebelleer het as te vyandig, nou erken het dat samewerking met Rusland onmoontlik geword het en dat Bevin se optrede die enigste uitweg is.

VIR KANONNE

Die Amerikaanse regering het 'n lening van £6,250,000 aan Iran (Persië) toegestaan vir die aankoop van kanonne, tenks en meganiese toerusting vir die leër. Hierdie aankondiging volg op die berig onlangs dat Amerika sy hulp aan Hongarye teruggetrek en aan Iran toegesê het na die kommunistiese staatsgreep in Hongarye.

Unie Het Slawe Se Lot Bestendig In Abessinië


Dit blyk dat Suid-Afrika se oorlogspoging as vrug gehad het die bestendiging van slawerny in Abessinië, te oordeel na gegewens wat deur die Internasionale Konferensie insake die Regte van die Mens verlede week verstrekkend is. Die konferensie het bevind dat daar nog 9,000,000 slawe in verskillende dele van die wêreld aangehou word.

Een van die lande wat benoem word as 'n land van slawerny is Abessinië vir wie se herstel Suid-Afrikaanse seuns gesneuwel het. Onder die Italiaanse bestuur is slawerny daar afgeskaf, maar tans berig genoemde organisasie dat daar alweer 2,000,000 slawe in daardie „bevryde” land is. Net soos die

oorlog in Europa gelei het tot verslawing van mensemassas het dit in die geval van Suid-Afrika se regstreekse bydrae ook maar uitgeloop op herstel van slawerny.

Volgens die konferensie is daar o.a. twee miljoen kinderslawe in Sjina, 700,000 slawe in Arabië en 300,000 in Liberië, terwyl die res versprei is oor dele in Afrika en Indië.

'n Beroep is deur die konferensie op die V.V.O. gedoen om hierdie toestand van sake te beëindig. Die wette in Indië wat Indiërs verbied om van een deel van die land na 'n ander te trek, is ook skerp veroordeel — nog 'n saak waarteen S.A. Indiërs kan agiteer!



Die Hoogste Vryheid

'n Verhaal Uit Die Stryd Van die Ondergrond

HOOFSTUK II

Boet se sweefavontuur het Jaap die ene nuuskierigheid gemaak en sonder meer wou hy alles in verband daarmee vernem.

Sy maat, weer, was op sy beurt maar alte geneig om die episode te vertel omdat dit vir hom 'n ware sielsgenot was om in hierdie sel die gewaarwordinge en die waaghalsighede van daardie rekordvlug weer in sy gees te laat herleef.

Daarom dat hy dit vertel het. Nie uit spoggerigheid nie maar weens die geluk wat ook die herinnering kan gee, as die oomblik verby is. Eintlik het Boet ook meer met homself gepraat; vir hom self weer die verruklike vryheidsmomente geskilder en homself weer in die vryheid die agtienduiseendvoet-hoë vryheid verlustig soos hy hier lê in sel nommer 52 van die Sentrale Gevangenis, Pretoria.

Nee wat, het Jaap gemeen, om in die lug rond te dool en te dwaal — en dit sonder enjin en lugskroef — is darem g'n Christenmens se tydverdryf nie. Dis sommer moeilikheid soek daardie en

„Het jy dan nog nooit in jou lewe moeilikheid gesoek nie?“ skerts Boet terug.

„Ja wel, maar dit's iets anders. Hierdie sweeffaffere is eintlik 'n onnatuurlike moeilikheidsoekery. Maar ek neem aan dat mens daarvoor nie net ken-

nis en senuwees moet hê nie maar somer ook 'n spesiale aanleg, Boet — 'n soort van vertrouensaligheid wat alle perke te bowe gaan, nie waar nie?“

Wel ja, het Boet toegegee, instink, aanvoeling speel in die sweefkuns sekerlik 'n groot rol. Daarom dat dit in die ware sin van die woord 'n kuns eerder as 'n wetenskap is. Om die kuns en sy moontlikhede ten volle te ontplooi is wetenskaplike kennis natuurlik nodig — 'n begrip van sekere fisiese wette en verskynsels. Maar van die ware sweef-vliegenier kan, soos van die ware digter, gesê word dat hy gebore en nie gemaak word nie.

Die grondslag van die sweefkuns is die gebruikmaking van elke voordelige lugstroming wat deur die aarde se temperatuur of deur bergstorings ensovoorts geskep word.

„Jy kan jou verbeel dat dit 'n stil dag is. Kom ons neem aan dat dit, volgens die ou daaronder op die grond, die stilste dag van die hele jaar sou wees.

„Nietemin wemel dit in die lugruimte bo die ou se kop van demoniese aktiwiteite en van opstuwende en neerslingerende magte. Nie net kruis- en dwarswinde nie, soos die man op die grond hulle gewoon is maar ook — en veral! — van opskietende en neerstortende lugmassas. Nou is die eintlike geheim van die sweefkundige om hier-

die lugbewegings uit te buit om sodoende steeds hoër en hoër te styg. Maar voordat jy hulle kan uitbuit moet jy hulle kan aanvoel en na skatting reg kan beoordeel.“

Te sien, gaan Boet voort, is daar natuurlik niks nie. Op drie, vier duisend voet hoogte is dit heeltemal onmoontlik om met jou oë vas te stel of jy soveel honderd voet gestyg of gesink het. Instrumente het jy wel maar hulle toon geen klein verskille aan nie en voor hulle jou kan waarsku is die kans verby of kan die gevaar te akuit geword het om nog verhoed te wees!

Nee, voeg Boet by, jy moet oordeel (of aanvoel) volgens die sagte rukkings aan die vlerke van die sweeftuig dié sal jou spoedig oortuig dat die oënskynlike stilte wat om jou heers en wat ook op die instrumentbord nie weerspreek word nie, net die ene misleiding is. Daardie rukke laat jou beseft dat die sweeftuig die speelbal van onsigbare maar nietemin geweldige natuurkragte is.

Natuurkragte wat, nes die kragte van diere deur die mens ingespan en uitgebuit kan word om hom na die hoogtes toe te dra, of om hom en sy ligte tuig na benede te slinger en teen die aarde te verpletter.

Boet raak so in vervoering oor sy tema en maak dit so lewendig dat beide hy en Jaap vir die oomblik vergeet dat daar om hulle net klipmure en staaldeure is; vir die oomblik is albei man daarbuite en daarbo in die uitpansel, 'n paar duisend voet bo die aarde.

Wat die uitstaande gevoel daarbo sou wees? Wel, meen Boet, uitstaande is eintlik die eensaamheid, die absolute eensaamheid; moedersiel alleen voel die mens daar. Jy voel asof die tyd gaan stilstaan het — asof die heelal skielik leeg en stil geword het. Net jy, die sweeftuig wat jou stom gehoorsaam (wat byna 'n deel van jouself en jou sintuie geword het!) en daardie stuwende onsigbare kragte wat aan die sweeftuig se vlerke ruk en pluk.

Verder niks! Geen klank of stem in die heelal nie, behalwe so 'n sagte gesuis en die gekraak van die sweeftuig se latte soms klink dit byna asof die stomme ding jou wil waarsku.

„Hoewel“ sê Boet, nog steeds meer asof hy met homself praat, „hoewel dit tog nie heeltemal juis is om te sê dat mens daarbo geen stem kan hoor nie. Ek dink nou juis aan die geheimsinnige geritsel en gemurmur wat ek daardie dag gehoor het.

„Dit was 'n stikwarme somersdag oor Pretoria met swaar wolkemassas wat in die lug hang. Kolosse wat almal min of meer ewehoog bo die grond begin het — asof hulle op 'n onsigbare vloer rus, die vloer van die lugdrukking 'n duisend voet of meer bo die grond. Onder was hulle min of meer gelyk maar na boontoe het hulle verskil van 'n hoogte van ses-, seweduiseend voet tot sommige van twintig, dertigduisend voet en meer reus bo reus!“

„Na ek met opwaartse lugstrominge die nodige hoogte gewen het, het ek die sweeftuig maar na een van hierdie monsters gepeil; toe ek eenmaal betreklik naby kom, het die

DIE AGTERGROND

Twee Afrikanerseuns lê in die sel van die Sentrale Gevangenis, Pretoria, en filosofeer oor hul ervarings en die vryheid. In die vorige hoofstuk het Jaap een en ander meegedeel van sy avontuur toe hy met vyf kamerade op die nag van 13 Augustus 1943 uit die tronk in Bloemfontein gebreek het. In hierdie hoofstuk is Boet, houer van die Suid-Afrikaanse hoogterekord vir sweeftuie, in 'n seldsame vertelling aan die woord oor sy ervaring van die hoogste vryheid.

wolk my met asemberowende snelheid tegemoet gejaag“.

„Die wolk na jou—“

„Wel, inderdaad was dit natuurlik anders om; my sweeftuig het die wolk tegemoetgesnel—opgevang in die suigkrag van die lug wat die wolk ingestroom het en wat juis om daardie rede sy kruin so hoog in die lug laat styg het. Maar alles is relatief—in die lug sowel as op die aarde. Daarom dat die gewaarwording wat jy kry dié is dat jy en jou sweeftuig stilstaan en dat die wolk beweeg, met rasende spoed aangesê kom.

„Eenmaal die wolk in en toe gebeur die dinge sommer vinnig.

„Vireers is ek onmiddellik deur so 'n newel omhul dat ek nie die minste benul het of ek onderstebo of regop sweef nie.

Deur
S. J. de Jongh

Ook slinger die tuimelende strominge my so heen en weer dat ek hupeloos in die war raak totdat ek onverhoeds in 'n meer eengalige opwaartse lugstroming geraak. Dié stu my skielik in die hoogte. Aan die instrument — die variometer — kan ek vasstel dat ek met ongelooflike snelheid in die newel opwaarts gedra word. Was dit nie vir die instrument dan sou die rigting — op of af — vir my 'n raaisel gebly het 'n taamlike bange raaisel!

„Met eens skiet ek die wolk uit, 'n goeie vier of vyf duisend voet hoër as wat ek 'n kort tydjie tevore was, eer ek in die wolk se suigkrag ingekom het.“

„Die wolk se lugstrominge, het Boet verduidelik, is baie soos die van 'n bruisende rivier. Die medium waarin mens beweeg is natuurlik oneindig lichter, aangesien dit lug is en nie water nie. Maar in hul aard, en ook in hul uitwerking, is die bewegings baie dieselfde.

„So 'n opgestapelde wolk is nes 'n reuse waterval van duisende voet behalwe dat die wolk na boontoe val, opwaarts in plaas van afwaarts beweeg. Verder is daar dieselfde verskynsels die suigkrag van die waterval en sy draaikolke dié is ook in die wolk en jy het met hulle daarbo in die wolk te kampe nes die swemmer in die waterval daaronder met hulle te kampe het.

„Maar die stryd vind plaas tien-, veertienduiseend voet bo die aarde en die ligte raamwerk van die sweeftuig met die dun seil wat daaroor gespan is, dit is die enigste anker tussen jou en die groenvaal grond, wat daar ver, ver onderkant jou uitstrek!“

„Wel, ek word die wolk uitgestu en toe kon ek weer sien; daar ek nou eenmaal met die wolk deurmekaar geraak het, swenk ek die neus van die sweeftuig maar weer in en spoedig — met slegs enige honderdvoet hoogteverlies — word ek in 'n sydelingse stroom weer die wolk ingeskiet.“

Weer die gewarrel en geslinger, weer die stampe van bak-

boord na stuurboord en weer terug totdat hy weer in 'n opsigende stroom beland en op die variometer, waaraan hy die styging by benadering kan meet, sien hy later dat hy sy hoogtepunt 'n rekord — behaal het, oor die agtienduiseend voet.

Dit was met daardie tweede inswenk en styging in die lugstroom dat die wolk met hom begin praat het!

„Om my is daar so 'n eienaardige geritsel, geheimsinnige geluide so 'n ligte gebrom in die newel! Ek kry die gevoel dat die wolk met my begin gesels.

„En somer dreigend gesels ook!“

„Man, jy kan jou nie voorstel nie wat vir 'n bloedstollende gevoel dit is as jy vir die eerste keer daar bo in die eensaamheid 'n donderwolk joi hoor aanspreek en aanbrom! Nie met daardie dondergerol wat ons daaronder op die aarde sedert ons kinderjare ken nie — lank nie so luid nie; nee, met so 'n diepgesette gefluister (heeltemaal liggaamloos) en so tussen die sagte dreuning in afbrekende klanke en gemompel.“

Jaap se gesig toon spanning en belangstelling — hy het die sel en die staaldeure blykbaar vergeet.

„Weet jy, ou broer, dis alles wel en goed om jou in sulke oomblikke te troos met die dinge wat jy daar veronderkant geleer het aan die voete van ouens wat self nog nooit wolke hoor mompel en fluister het nie. Al daardie verklarings oor statiese elektrisiteit en so meer.

„Daardie dinge glo mens so lank jy in die klaskamer of die laboratorium is maar nie as jy in alle wolkeensaamheid sowat agtienduiseend voet bokant daardie ouens se koppe sit, net so op 'n ligte latwerk sit en om jou heen is die ene gryse newel 'n newel wat al hoe digter om jou pak en wat met homself sug en brom oor sy gestoorde geheime!“

By die aanhoor van hierdie ervaring het Jaap goed geglo dat dit vir Boet die oomblik van sy hoogste vryheid was; die onvergeetlikste oomblik wat hy nog in sy lewe gesmaak het, daar bo in die eensaamheid en in die dunne lug om 'n ligte sweeftuig wat enige oomblik die speelbal van onsigbare magte kon word.


Maar, stem albei saam, of dit meer as drie myl in die lug bokant Pretoria geskied het, en of dit, soos in Jaap se geval, vlak buitekant die poort van 'n oorwonne gevangenis te Bloemfontein gebeur het met hygende asem en die triomfgevoel: „Ons is los!“ — hoe of waar dit ook al kom, die vryheidsoomblik wat onvergeetlik bly is altyd die vryheid wat met gevaar gepaard gegaan het, en ook bly dit van onskere duur.

Op hierdie punt was die twee kamerade, ingekerker in die sel in die Sentrale Gevangenis, dit eens.

(Word vervolg)

INTENSIEWE LANDBOU? ROTOTILLER

- SAADBEDDINGS
- KWEKERIE
- BOEDDE
- WINGERDE
- LUSERNLANDE



- GROENTE
- BLomme
- TUINE, ENS.

• Die ROTOTILLER se Krag-aangedrewe Chroom-Vanadium-Staaltande berei IN EEN OPERASIE 'n beter Saadbedding as 'n Ploeg, Eg en Skotteleg in drie afsonderlike Operasies.

• Die ROTOTILLER werk Plantegroei, Groenbemesting, Mis, Strooi, ens. deeglik in oor die HELE DIEPTE van die Saadbedding.

• Die ROTOTILLER vorm 'n Saadbedding ryk aan HUMUS, LUGTIG en VOGBEHOUDEND sonder Soole of Kluite.

• Sny 20 of 26 duim — wyer as 'n Tweeskaarploeg — tot 9 duim diep. Bewerk selfs nuwe Grond.

• IDEEAL VIR ALLE INTENSIEWE LANDBOU

• PRYS SLEGS £165 AAN DIE KUS.

Volle Besonderhede van Distribueerders:—

KAAPLAND EN O.V.S.:

Die W.G.A. Bpk.


Bus 1449, Kaapstad
Bus 765, Port Elizabeth
Bus 209, Oos-Londen

TRANSVAAL EN NATAL:

D. J. J. BEKKER (Edms.) BPK.,
Marshallstr. 104, Johannesburg

EINDELIK
 'N VRYE NUUSBLAD VIR DIE VOLK!
 Die koerant waarop u gewag het!!

Naweekblad



'n Nuwe dag breek aan vir
 die Afrikaanse joernalistiek

Onafnanklike

Onbevooroordeelde beriggewing en beskouinge

Volkome ongebonde deur seksionele belange van watter aard ookal.

Namens die Direksie van Dagbreek-Pers Beperk, kondig die Voorsitter, Prof. L. J. DU PLESSIS aan dat **Dagbreek** in die afgelope naweek sy verskyning gemaak het, en dat die uitgewers hulle ten doel stel om 'n werklik *eersteklas Afrikaanse Naweekblad* aan die groot Afrikaanse bevolking van ons binnelandse stede en dorpe te voorsien en *terselfdertyd 'n eersterangse nuus-weekblad aan die platteland*.

Hoofredakteur: Mnr. Willem van Heerden, bygestaan deur mnr. J. F. van Huysteen, mnr. A. M. van Schoor, mnr. D. G. Richard, mnr. J. P. Vorster en 'n puik span Afrikaanse joernaliste en deskundige medewerkers.

DAGBREEK

word deur die hele land versprei
 deur die C.N.A.



*Teken sonder versuim op bygaande vorm in
 en beoordeel self die blad.*

DIE SIRKULASIEBESTUURDER,
 DAGBREEK-PERS BPK.,
 Posbus 8161, JOHANNESBURG.

Stuur asseblief DAGBREEK vir 12 maande aan my, waarvoor ek 15/-
 hierby insluit.

NAAM:

VOLLEDIGE HUISADRES:

.....

Handtekening

Intekengeld: 15/- vir 12 maande by u huis afgelewer binne die Unie en S.W.A.;
 elders 15/6.

Die O.B., 25/6/47

„DIE O.B.” WOENSDAG, 25 JUNIE 1947

HOE HET ONS DIT DAN?

Dubbeltaligheid — die ideaal wat die Engelse pers in die afgelope jare so sterk bepleit het in hul poging om die Afrikaanse skool te verwater met 'n verpligte dubbelmedium-stelsel — blyk nie juis so 'n aangename beginsel te wees wanneer dit hoofsaaklik op Engelssprekende instellings van toepassing gemaak word nie. Toe die Afrikaanse taal in die skool 'n veertig jaar gelede sy stryd om erkenning moes aanknoop, het die Engelse mondstukke in die land geen sin daarin kon sien dat dit as 'n verpligte medium in die onderwys gebruik moet word nie. Engels is tog die wêreldtaal, so is geredeneer, en waarom die onderwys bemoeilik met die invoering van Afrikaans as verpligte leervak. Dit dien tog immers geen nut nie.

'n Paar jaar gelede, nadat Afrikaans sy stryd gewen het, het ons uit dieselfde mond 'n heeltemal ander deuntjie gehoor. Dit is dan nou so uiters noodsaaklik dat ons kinders albei tale moet ken, want alleen so kan daar sprake van 'n groter volkseenheid wees. Die rede vir hierdie ommekeer is voor die hand liggend. Met 'n toenemende Afrikaanse geboortesifer het die Engelse taal op die verdediging gekom. Binne hul eie skole het te min Afrikaanse kinders slagoffers geword van die Empire-gees, wat sy groot kwota uit die vorige geslag getrek het. Daarom het dubbeltaligheid nou skielik 'n heilige beginsel geword wat met wetgewing gehandhaaf moet word.

NIE VIR OUERES

Maar sodra ons kom tot die ouer geslag, geld hierdie pragtige beginsel nie meer nie. Binne die skoolomheining is dit nodig, maar nie op die terreine waar die jongmense beweeg nie. Daar kan dubbeltaligheid net aanstoot gee. Dit altans, is die afleiding wat 'n mens maak uit 'n hoofartikel van die Cape Times verlede week in reaksie op 'n berig in die Afrikaanse pers dat 'n sekere rolprent-onderneming wat Afrikaanse prente wil vervaardig pleit vir 'n verpligte kwota van 15 persent Afrikaanse prente in die bioskope. Afrikaanse rolprente is nie verstaanbaar vir die Engelse publiek soos Amerikaanse rolprente in Engeland is nie, waar wel 'n kwota vasgestel is, so betoog die blad. Daarom stel hy voor dat daar liewer afsonderlike skouburge opgerig word vir die Afrikaanse publiek sodat die Engelssprekende „Suid-Afrikaners” ongehinderd kan voortgaan om te kyk na dinge wat hulle verstaan.

Nou ja, ons dag dan dat die „Engelssprekende Suid-Afrikaners” net so begerig is om Afrikaans te leer as wat die Afrikaanse skoolkind moet wees om Engels te leer en dat hulle die geleentheid om Afrikaans op die doek te hoor sou verwelkom as 'n middel om hul kennis te verryk? Hoe het ons dit nou?

Moet ons hiervan aflei dat die vroom praatjies oor wedersydse begrip van die kant van die Engelse pers maar nog nooit eg was nie, ook nie ten opsigte van die dubbelmedium-onderwys nie?

Daar is geen ander verklaring nie, en dit sal goed wees om hierdie antwoord van die Cape Times later in herinnering te bring.

Nog Meer Agteruitgang

Die afgelope sitting van die parlement het 'n verdere daling in die algemene trant en gehalte van die parlementêre besprekings getoon, het prof. W. H. Hutt van die Universiteit Kaapstad, in 'n lesing verklaar toe hy 'n oorsig gegee het van die jongste sitting. Hy het die blaam hiervoor tuis gebring op alle partye in die Huis. Besorgheid is uitgespreek oor die manier waarop wetgewing teen die einde van die sitting afgejaag is.

ENGELAND WERF SWART SOLDATE IN AFRIKA

Om vir sy verlies van die Indiese leer te vergoed, is Engeland besig om vir hom 'n swart leer in Afrika te werf. 'n Veldtog om rekrute te werf, sal vanaf die Zambesie, in die Soedan, Oos-Afrika sowel as Wes-Afrika van stapel gestuur word. Britse offisiere wat voorheen 'n leidende rol in die opleiding van die Indiese leer gespeel het, sal hierdie mense oplei.

Die hoofkwartier van die swart soldate sal Nairobi wees. Die nuwe leer sal aangevoer word deur soldate wat reeds gedurende die oorlog militêre diens verrig het.

Die Britse vlootowerheid het ook onlangs aangekondig dat nie-blankes voortaan in die Britse vloot toegelaat sal word.

BRITTE VOER ERGER IN AS WAT SUID-AFRIKA UITSKOP

Onderwyl die Unie-regering voorbereidings tref om Duitsers uit Suid-Afrika te deporteer omdat hulle politiek van die regering verskil het, en onderwyl die Unie-regering 'n betaalde personeel in Londen aanhou om „arbeidskragte” uit Brittanje te aanvaar van die blanke bevolking na die Unie te keur, is Engeland besig om sy eie arbeidskragte aan te vul uit die gelede van Hitler se voor-

malige ondersteuners. ...

So berig die Forward se korrespondent uit Londen dat „etlike honderdduisende” misplaaste persone met hul families binne die volgende 18 maande uit Europa na Brittanje gebring sal word om die arbeidstekort te gaan aanvul in daardie land. Waarnemers het bereken dat 'n groot aantal van hierdie immigrante uit voormalige aanhangers van Hitler sal bestaan, aldus die berig. Ongeveer 1,500

lede van die Letlandse fascistiese liga, 1,000 van ander Oos-see-state se burgers wat saam met die Duitsers geveg het, 1,000 Ukrainiese en Russiese oorlopers na die Duitsers wat onder genl. Wlastof aan Duitse kant geveg het, en ongeveer 7,500 Oosese nedersetters in Duitsland wat Hitler gehelp het, is onder die immigrante wat Brittanje besig is om in te voer, aldus die korrespondent.

TOE GEÏNTERNEERDES HUL LYF KELDER MOES HOU VIR „S.J.-SPECIAL”

Tydens die oorlog toe honderde Afrikaners in die interneringskamp beland het, het die Suid-Afrikaanse dranknywerheid 'n heeltemal nuwe drank ryker geword wat in die geheim in die kamp gestook is en wat die naam van „S. J.-Special” gekry het. Die stook en voorbereiding wat in die geheim plaasgevind het, het groot vermaak en afleiding aan die manne in die kamp, wat 'n stryd teen die tyd moes voer, verskaf.



Die Koffiefontein-wapen wat in die kamp deur 'n geïnterneerde ontwerp is. Oorspronklik was die geïnterneerdes op Leeukop en daarna op Ganspan gevange gehou. Hulle het steeds die hoop gekoester dat hulle deur hul landgenote van buite verlos sou word — die wêl wat oor die mynhoop, naby die kamp, afstorm en die drade verbreek. Daar was meer as vyftig van die interneringshutte waarin elk van twaalf tot vyftien man gehuisves was. Die kampwapen is in hut no. 19 ontwerp deur „Vaalhaas.”

By die kantien in die kamp waar daar sekere soorte kos en snoepery te koop was, was ook 'n hoeveelheid bier beskikbaar. Dit het egter baie aantrekliker voorgekom om hul eie drank onder die neus van die kampwagte te stook sonder dat dié dit in die hande kry of daarvan weet.

Onder die geïnterneerdes was daar van feitlik elke beroep 'n paar verteenwoordigers, en drankkenner het tyd genoeg gehad om hulle kennis toe te pas. Daar is twee soorte drank gestook. Een was 'n gewone en ligte bier terwyl die ander 'n besonder sterk witblits was. Dit het gou bekend gestaan as „S. J.-Special”. Dit is van ertjies en rosyntjies gestook in 'n apparaat wat saamgetower en in die kampkombuis bewaar is.

„BABA”

Voordat die drank gestook kon word, moes die moertjie eers voorberei word. Hierdie „baba” is in 'n van die hutte gehou en sorgvuldig weggesteek. Onderwyl een van hierdie „babas” eendag besig was om te trek, en reeds in 'n gevorderde stadium was, het die gerug dat 'n klopjag aan die kom is, skielik die ronde gedoen. Die stokers wou nie graag dat die wagte die drankbedryf agter kom nie, en wou dit nog minder weggooi. Al uitweg wat daar was, was om dit so onryp soos dit was, te drink. In een van die hutte, het 'n hele paar manne dan ook elkeen 'n groot beker van die mos weggeslaan.

Dit was nie lank nie of hulle het vergeet dat hulle in die kamp is, en het taamlik rumoerig geword wat glad nie na die wagte se sin was nie. Om die swye op die groepie jolige manne te lê, is verskeie skote om die hut afgeskiet. Met groot „heldemoed” het een van die plesierige stokers die besemstok gegryp, daarmee na buite gestorm, en aangelê na die wagte. Alleen die nugtere optrede van sy makkers kon hom oortuig dat hy die rusverstoorders maar in vrede moet laat.

Hierdie verhaal is onlangs deur mnr. Ben Botha, 'n oud-politieke gevangene, op 'n funksie vertel.

O.B.-Vergadering

van die
**STELLENBOSSE
KOMMANDO'S**
in die

C.S.V.-Saal, Stellenbosch
op

Donderdag, 3 Julie
om 7.30 n.m.

Onderwerp:
**DIE O.B. EN DIE
VERKIESING**

Spreker:
Genl. W. R. LAUBSCHER,
Voorligtingsoffisier.

Alle lede word dringend versoek om teenwoordig te wees.

**Ingebinde Jaargange
Van „Die O.B.”
2-3 en 4de Jaargang
TEEN £1/15/-**

Bestel van:

**Gebiedshoofkwartier,
Posbus 1230,
PRETORIA.**

V.S.A.-Leër Ingelig Oor Kommunisme

Die Amerikaanse departement van oorlog het pamflette waarin teen die kommunisme gewaarsku word aan sy leer uitgereik. In die pamflette word verklaar dat die kommunisme teen die demokrasie gekant is en dat die ondersteuners van die kommunisme besig is om die Amerikaanse regeringstelsel te vernietig. Die pamflette sal tydens lesings gebruik word en is deel van die Amerikaanse veldtog teen die kommunisme.

Wat doen die regering in Suid-Afrika om die „duiwelse evangelie” teen te werk? „Dophou” — is al, het genl. Smuts onlangs gesê.

V.S.A. KEER KOMMUNISTE

Die Amerikaanse besettingsowerheid in Duitsland het verklaar dat die Sowjet-beheerde Sosialistiese Eenheidsparty nie in die Amerikaanse gebied toegelaat sal word nie. Aansoeke om die party in die gebied te stig, is reeds ontvang, maar van die hand gewys. Soortgelyke aansoeke sal in die toekoms nie toegestaan word nie.

O.B. het Dinge Gered Wat Wou Verdwyn Personeel se Afskeid van A.K.G.

„Ons het die volkslewe opnuut ingesuur met die dinge wat besig was om vinnig te verdwyn. Ons het die rem aangedraai op die pad van liberalisme waarheen die volk besig was om af te stuur”, het adjunk-K.G. J. A. Smith verlede week by ’n informele afskeidsfunksie gesê waar die personeel van die Wes-Kaaplandse Gebiedshoofkwartier en die Kaapstadse personeel van Voorslag van hom in sy hoedanigheid as organisasieleier afskeid geneem het.

Genl. S. J. Kamffer, stafhoof van die Gebied, het hulde gebring aan genl. Smith en ’n geskenk namens die personeel oorhandig. Genl. Laubscher, voorligtingsoffisier, het sy dankbaarheid uitgespreek vir die noue en onderlinge kontak wat genl. Smith altyd met sy ondergeskiktes gehandhaaf het. Hierdie onderlinge vertroue en

kamaraadskap is eie aan die O.B.

Genl. Smith het in sy antwoord verwys na die ontwikkeling van die Ossewabrandwag en die opening van sy eerste kantore in Kaapstad in 1941. Dit was die begin van die opbou van ’n groot, landswye masjinerie. Die arbeid wat in diens van die Ossewabrandwag verrig word, is nie verniet, het genl. Smith beklemtoon.

H.N.P.- Sock O.B.-Vriendskap

KAROS. — Na ’n sesjarige stryd en tweedrag tussen die H.N.P. en die O.B. is daar in Plaaslike H.N.P.-kringe heelwat sprake dat hulle weer met die O.B. wil saamwerk. Verskeie van die H.N.P.-tak se bestuurslede het die plaaslike kommandant van die O.B. in Karos, komdt. W. J. Lübke, onderskeidelik genader en gesels oor die moontlikheid van samewerking. Komdt. Lübke het hom, na verneem word, bereid verklaar om hulle onder sekere voorwaardes te ontmoet, o.a. dat hulle bereid moet wees om die hand van vriendskap aan die Ossewabrandwag as sodanig te bied.

Die plaaslike O.B.’s is nie bereid om een enkele duim terug te staan nie en sit skouer aan die wiel vir die stryd wat nog voorlê. (Korr.).

ONS KUSTE WORD OORSPOEL

Sedert September 1939 tot op die huidige datum het die Unie 29,000 nuwe inwoners van oorsese ryker geword. Hulle is almal immigrante wat voornemens is om hier te bly.

Sedert Mei 1945 tot nou het daar meer as 23,000 blanke immigrante die land binnegekom. Die grootste besending wat met een slag uitgekom het, het verlede week met die Carnarvon Castle geland, nl. 1,300.

Kommuniste se Eise Vir Plaaswerkers

Sapa berig uit Worcester dat ’n konferensie van die Kommunistiese Party van die Kaapse platteland ’n besluit aangeneem het om plaaswerkers in ’n vakbond te organiseer met die doel om ’n minimum-loon van 10s. per dag te eis en oortydbetaling vir al wat hulle meer as 46 uur per week werk.

Hierdie besluit kom daarop neer dat ’n plaaswerker om 8-uur sal kan begin en om 3-uur is hy geregtig om op te hou, of moet hy van dan af ekstra loon ontvang.

W. v. Rensburg Gehuldig

Die O.B.-kommando van Heilbron het op 11 Deser hulde gebring aan Willie van Rensburg wat na vier jaar uit die Sentrale Gevangenis ontslaan is. By hierdie geleentheid het kommandant-generaal dr. J. F. J. van Rensburg ’n groot vergadering in die stadsaal toegesprek. Spr. het hulde gebring aan Willie van Rensburg en verklaar dat hoewel hy in die tronk was, die hulde aan hom gebring word en nie aan die persone wat hom in die tronk gesit het nie. In Suid-Afrika beteken die feit dat jy vir jou volk opkom, hoogverraad. Op Slagtersnek staan daar ’n monument vir sulke „misdadigers.” Tydens die oorlog is daar oorlog gevoer teen Afrikaners in Suid-Afrika. Die Afrikaners moes hulle tande wys omdat hulle nie kon toelaat dat van Afrikaners tweedeklas burgers gemaak word nie.

Die eggenote van die K.G., mev. Van Rensburg, genle. C. Meyer en genl. W. Odendaal was o.a. by hierdie geleentheid aanwesig. (Ingestuurt).

Hernuwing Vorder

Die hernuwing van intekening op Die O.B. deur persone wat die blad voorheen deur middel van kommando-intekening ontvang het, vorder nog bo alle verwagting goed. Reeds drie persone het vir tien jaar vooruit betaal, etlikes vir vyf en ’n groot aantal vir drie en twee jaar.

Ooreenkomstig die nuwe reëling moet persone wat voorheen aan die plaaslike offisiere hul intekengeld betaal het, die geld (10s. per jaar) nou regstreeks aan Voorslag, posbus 1411, Kaapstad stuur.

Dit sal lesers verbly om te verneem dat die medewerking van prof. J. A. Wiid weer verkry is vir ’n buitelandse oorsig vanaf aanstaande maand.

Outomatiese Nagwag Roep Polisie

Diewe in Kaapstad het verlede week hul rieme styf geloop toe hulle in ’n gebou wat voorsien is van ’n nuwe inbreek-alarm, wou inbreek. Voordat hulle enigiets kon uitrig was die polisie daar wat ’n radio-boodskap van die „meganiese opsigter” ontvang het, toe die diewe aan die deure en vensters begin peuter het.

Hierdie nuwe teenvoeter vir inbrekers is die produk van die brein van ’n eertydse speurder. Sodra as daar aan die gebou gepeuter word, stuur die geheime instrument ’n boodskap per radio aan die polisie. Die sukses van hierdie instrument is daar in geleë dat die diewe dit nie buite werking kan stel nie want sodra hulle daaraan vat, stuur dit ’n boodskap uit.

’n Leemte in die toestel is dat ’n dwalende kat soms die polisie kan ontbied as hy aan die instrument raak, en dat daar dus valse alarms kan voorkom.

Naturelle- Studente Word Oproerig

Vierhonderd naturelle van die Adams-sendingkollege wat geweier het om hul halfjaarlikse eksamens af te lê omdat die elektriese kragtoevoer na die kollege buite werking geraak het, is verlede week na hul huise terug gestuur. Hierdie oproer soos onlangs by Fort Hare is maar ’n al te duidelike bewys dat geleerdheid die beskawingsproses van baie jare nie kan oorbrug nie.

Duitsers Vra Om Te Bly

Die versoeke om heroëreweging van die 254 Duitsers wat vir deportasie aanbeveel is stroom steeds die staatskantore in Pretoria binne.

Dit is nog nie bekend hoe die regering met die aansoeke sal handel nie. Verwag word dat ’n kommissie bestaande uit amptenare van die Departement van Binnelandse Sake aangestel sal word om die aansoeke te behandel en aanbevelings te doen.

MARKAGENTSAP

VROEE MORE-MARK

KAAPSTAD

Betaling geskied onmiddellik
weekliks, maandeliks of

soos verlang

Beste heersende pryse

MINNAAR

EN VAN SCHOOR

Eienaar: GUSTAV RETIEF

Beskerm u Oë

Bring u oogarts se voorskrif na ons. Laat gekwalifiseerde Voorskrif-Oogkundiges u bedien.

Wahl, Lawrence

EN KIE.

BRILMAKERS

Adderleystraat 120a, Kaapstad
Foon 22408

A.V.B.O.B.

Lykbesorgers, Grafsteenmakers,
Begrafnisverkeerders

Bloemfontein — Pretoria
130 Takke

ELEKTRON Kontrakteurs

(Eienaar: L. J. du Plessis, Bestuurder: A. J. de Klerk)

MEUBELS

• *Spesiale Afslag op ons reeds Lae Pryse vir Kontant by Bestelling*

ELEKTRIESE GOEDERE (Alle 220-volt Lampe)
EN HUISHOUDELIKE BENODIGDHEDDE

Sien ons Weeklikse Geklassifiseerde Advertensie vir Prysopgawes.

KEEROMSTRAAT 18 (Foon 25060) KAAPSTAD

BRILLE

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.

GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT

Die Voortrekker-Aptek

Kerklaan, KAAPSTAD.

Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.

Besoek ons of skryf om Besonderhede.

Geskiedenis deur Kuns!

MY KWAS VERTEL

Deur W. H. COETZER 40/-, Porto 2/-
Die Geskiedenis van Suid-Afrika, insonderheid die Groot Trek, die Vryheidsoorloë en die Eeufeesjaar, in beeld soos deur die kunstenaar gesien 111 Afdrucke waarvan vier in kleure. Grootte: 7½ dm. x 10 dm. 242 bladsye gebind in goeie linne.

Die Verstedeliking van die Kerk!

KERK EN STAD

Deur Ds. J. R. Albertyn, Ds. P. du Toit en Ds. H. S. Theron 6/9 posvry.
Verslag van die Kommissie van Onderzoek van die Gefedereerde N.G. Kerke na kerklike en godsdienstige toestande in die nege stede van die Unie van Suid-Afrika.

Wat is die betekenis van die doop? Waarom doop ons iemand? Wie mag gedoopt word? Op hierdie vrae en nog baie ander kry u ’n duidelike antwoord in

DIE CHRISTELIKE DOOP

Deur Ds. J. D. VORSTER 2/3 posvry.

Die verhouding van die jong man en jong meisie tot hul Toekomstige Huis

EK EN MY HUIS

Deur C. en D. VAN ROOY 2/6 posvry.
1. Die Vrou en haar Huis. — Briewe van ’n moeder aan haar dogter, wat op troue staan.
2. Die Man en sy Huis. — ’n Vader verduidelik aan sy seun wat sy verhouding tot sy huis moet wees.

Pro Ecclesia- Boekhandel

Posbus 29 STELLENBOSCH

Klopjag Op Naturelle

Die grootste uitkeningsparade in die geskiedenis van Suid-Afrika het verlede week in Johannesburg plaasgevind toe 4000 naturelle moes deelneem aan ’n parade. Die ondersoek het voortgespruit uit moord op ’n blanke persoon. Meer as 1400 naturelle is aangehou vir verdere ondervraging. Duisend is later weer losgelaat. Die parade het ses uur lank geduur.

GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Huishoudelike Kennisgewings:

(Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1½ d. per woord; minimum 3/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertensies:

Enkel plasinge (vooruitbetaalbaar) 2d. per woord. Minimum 4/- per plasing. 2 tot 26 plasinge (vooruitbetaalbaar) 1½ d. per woord, minimum 3/- per plasing. 52 agtereenvolgende plasinge: 1d. per woord, minimum 2/6 per plasing. Plasinge tot kansellarie, 1½ d. per woord, minimum 3/- per plasing.

Intekengeld op „Die O.B.“ (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir 6 maande. Vooruitbetaalbaar. — Stuur advertensiestellings en intekengeld na: DIE O.B., Posbus 28, Stellenbosch.

AGENTSAPPE

**VAN MIEBEEK TRUSTMAATSKAP-
PY BEPERK.** Voortrekkerweg, Bel-
ville, bied sy bekwame dienste aan
wanneer u eiendomse wil koop of ver-
koop, met geldbeleggings, verbaande
ens. Doen aansoek by POSEUS 48.
Foon 9-7222. 27/11/Tk

VRYSTAATSE GOUDVELD
EIENDOMME

Vir Eiendomme Henneman, Odendaals-
rust omgewing, raadpleeg WELKOM
EIENDOMS- EN TRUST AGENT-
SKAP, Henneman (Eenaars Alberts en
Greiff), Foon 43, Telegramme „Weta.“
16/4/Tk

AGENTE BENODIG

WINKELIERS. Saadkopers sal bin-
nekort bewys wees van die betroubare
en hoë gehalte van HEROLDT SE
SAAD gepak in aantreklike gekleurde
sakke. Honderd per sent Afrikaanse
onderneming. Ons stel nou orals agen-
te aan. Verhoog u winste, wees seker
van tevrede kliente, doen dadelik aan-
soek. — HEROLDT SE SAADAFDE-
LING, Posbus 660, JOHANNESBURG.
18/6/2

VENNOOT BENODIG

VENNOOTSAP in winsgewende
Afrikaanse besigheid. 'n Sonderlinge
kans. Skryf aan: ADVERTEERDER,
Hoofstraat 347, PAARL. 18/6/2

BOME, PLANTE EN SAAD

AARBEIPLANTE. — Plant nou en
eet vrugte vanaf November. Egte
swaardraende Everbearing, beste mark-
soort, 3/- per dosyn. 7/6 vir 50, 10/6
vir 100, 75/- per 1.000. Amerikaanse
Doringlose Youngbessies lei op teen
draad, dra geweldig, vrugte groter as
moerbeï — lekker konfyt. 15/6 per
dosyn, 12 vir 50, 13 per 100. Kontant
met bestelling. — HEROLDT SE
BOOMKWEKERIE, Posbus 660, JO-
HANNESBURG. 25/6/4

BESTE GESERTIFISEERDE SAAD:
Detroit Beetsaad 7/-; Chantenay Wor-
telsaad 10/-; Suiderskrans en Reliance
Blomkool 18/-; Spitzkopkoolsaad 8/-;
Blaarsaad 17/8. Uite: Australiese Bruin
6/8; Silver King 9/-; Kaapse Plat 7/8;
Tamaties: Marvel 20/-; Marglobe 32/-.
Van Zyl Bone 115/- per 200 pond.
Volledige pryslys verkrygbaar val
REMIERS, Schoemanshoek, Oudta-
boorn. 11/12/Tk

BOERFAMPOENE. — Stuur u streep-
sak en 12/6 en ek stuur dit vol heer-
like boerfampoene aan u. V.O.S. Slab-
bertsluis. L. B. VAN DER MER-
WE, Bella Vista, P.K. SLABBERTS.
25/6/2

PATATS verkrygbaar teen 15/- per
sak gelewer op Sylvin Serpentine. — H.
ROELOFSE, P/S Serpentine, GEORGE.
25/6/4

TAFELAARTAPPELS. — Pragtige,
gesonde en vars Grand 1 teen 17/6 per
150 lb., 4/6 per 38 lb. V.O.S. Bethle-
hem in nuwe sakke. Leë sakke terug.
Ek waarborg tevredenheid. — S. W.
RAHIE, Kommandant, Bus 328, BETH-
LEHEM. 25/6/Tk

**VARS GESERTIFISEERDE GROEN-
TESAAD.** — Per ¼ pond, ½ pond en
1 pond: Spanspek, 4/-, 6/-, 10/-; Tom
Watson- en Wonder-Waalemoen 4/-,
6/-, 10/-; Tamaties, Beauty en Mar-
globe, 9/-, 17/-, 32/8. Australiese Bruin
Uite, 8/-; Vroeg Kaapse Plat Uite, 7/6.
Detroit-Beet 7/6. Plat Egiptiese Beet,
teen 7/6 pond. Chantenay wortel, 7/6
per lb., ½ lb. 4/9. Volledige pryslys
van: KAROO-SAADVERSPREIDERS,
Postbus 107, Oudtshoorn.

VRUGTEBOME. — Rose vir Julie-
Augustus-plantjies 1947. Ons pui-
k voorrade verskeie tevredeheid, maar
...die aanvraag is groot, bestel nou
en voorkom teleurstelling. — HER-
OLDT SE BOOMKWEKERIE, Posbus
660, JOHANNESBURG. AA/26/3/Tk

GEMENG

ELEKTRESO (Edms.) Bpk. elektri-
sitas- en werktuigkundige ingenieurs.
Hoofweg 30, Bellville. Vir herstelwerk
aan alle elektriese huisbenodigdhede;
ankerswikkeling; elektriese herstelwerk
aan motors, draai-pas-, swels- en her-
stelwerk aan alle plaas- en ander ge-
reedschap. Telefoon 9-7223. 27/11/Tk

LOOIERY. — Velle word bewerk na
keuse, d.w.s. in leer, goed vir tuis,
sool, oorleer, ens. Om besonderhede
skryf aan: L. B. SIEBRITS EN SEUN,
FRANSCHHOEK, K.P. 19/3/Tk

SKOENREPARASIES. Ondersteun u
mede-Afrikaaner en wees versker van
die beste dienste by VOORTREKKER
SKOENHOSPITAAL, Langstraat 291,
KAAPOSTAD. Foon 30164. 4879/28

VAN'S CONCRETE PRODUCTS. —
Terazzo, Kombuis- en Handwasbakke,
Baddens, Septiese Tenks, Pilare, Vloer-
teels, Voertroue, Eniglets in beton. —
Direkteur: P. W. en P. G. VAN
HEERDEN, Potgieterstraat 258, PRE-
TORIA.

HORLOSIEMAKER

DESKUNDIGE HERSTELWERK aan
Horlosies. Alle werk word gewaarborg
en spoedige aflewering. — P. PRETO-
RIUS, Keeromstraat 18, Kaapstad.
(Voorheen Kerkstraat 69). Foon 2-5454

H. J. STEYN. De Villiersstraat 17.
VASCO, KAAP, verkoop en herstel hor-
losies en radios. Enigste agent en in-
voerder van VELOX-skeermesmetjies
(Switserse).

KLEREMAKERS

Vir 'n goeie pak kiere of kostuum
kom na 'n eerste klas anyer F. C.
HAGEN, Voortrekkerweg 74, PAROW.
5605/52.

LOSIES

MEV. H. J. COMBRINK. Schagen,
bied losies aan bejaarde mense wat
stille verlaag gedurende Julie. 18/6/28

MEUBELS

AANDAG. — Elektron Kontrakteurs,
Keeromstraat 18, Kaapstad, Foon
25060. Vergelyk ons pryse: Ateljee-
rushijs, vanaf 118; Kamerstelle,
vanaf 126/10/-; „Heat Master“-Ver-
warmers, 12/19/6; „Swan“-Outma-
tiese Ketels, 13/12/6. 18/6/Tk

SOUT TE KOOP

BOERE-PAKKET. — Nege sakke wit
vee- en 100 lb. fyn bottersout 12-10-0.
Nege sakke sneeuwit en 100 lb. fyn
bottersout 12-13-6. Vry gelaai sout-
werke. Bestel: KOMDTE, MEV. MAR-
TIE VENTER, P/s No. 4, Arbeidsloon,
BLOEMFONTEIN. 21/5/Tk

SOUT. — Mevrou, u sukkel met
grootte tafelsout! Bestel 'n sak fyn-
sout 8/6 per 200 lb.-sak. Meneer, vir
u vee is No. 2 die beste teen 49/- per
ton. — S. J. VENTER, Oranje-sout-
werke, P.K. Florisbad, BLOEMFON-
TEIN. 14/5/Tk

SOUT. — Mooi belofte help nie, dit
troos net! Bestel waar u seker is van
u geld vir A1 59/-, No. 1 54/-, No. 2
49/-, No. 3 44/- per ton. Bottersout
8/6 per 200 lb.-sak. — W. H. VENTER,
Soutwerke, P.K. FLORISBAD. 14/5/Tk

SOUT. — Vriende, ek lewer sout in
sakke: A1 59/-; No. 1 54/-; No. 2
49/- per ton. Tevredeheid gewaar-
borg. Onmiddellike versending. — S.
J. DE BEER, Soutwerke, FLORISBAD.
18/6/13B

TE KOOP AANGEBIED

ENJIN. — 'n Drieperdekrag Massey-
Harris Paraffienenjien (magneet uit-
geskakel; werk met battery) en 12-
volt ontwikkelaar. Albei in goeie
werkende toestand. Prys om albei te
neem: 127/10/- of naaste aanbod. Vir
verdere besonderhede doen aansoek:
C. J. K. ROOS, Bokpoort, CLARENS.
18/6/2B

**GEREGISTREERDE AFRIKANER-
KOEIE.** — Beste bloedlyn. Goeie kon-
disie en kwaliteit. Nie oud nie. Loop
by geregistreerde bul. Gee hoofsaaklik
beesboedery op. Prys 125. — HAAR-
HOFF, Uitkomst, GRAAFF-REINET.
11/6/3

JUKSKEIE. — Bottelvorm, 3/9;
Kopskeie, 4/6; Aantantige Skeie, 5/-
per paar. — KOOS BOTHA, P/s SER-
PENTINE, Dist. George. 18/6/4B

KARAKOELRAMME geteel uit be-
roemde Grootfontein Regering-stoetery.
Twee-tand. Goeie kondisie. Uit gere-
gistreerde ramme. Slagrame 17. Op-
graderingsramme 112 10s. Hoë kruis-
ramme 117 10s. Elite 125. Volbloed
145 en hoër. Foto's en beskrywings
voorsien. Kom oortuig self van hulle
kwaliteit. — HAARHOFF, Uitkomst,
GRAAFF-REINET. 11/6/3

PRONKRUGHONDJIES. — koring-
kleur, wit voete, swart bek, volmaak-
te pronk. Geregistreer van beste
bloed. Kwaal ouers en troue wagtters.
K.M.B. 110/10/- — B. PRINSLOO,
Nellersdrif, Oor KEIMOES. 18/6/3B

WINSKOPIES VIR BOERE. — Her-
stelbare leëbroeke, 30/- per streepsak;
sandskoene (nuwe en tweedehands) 10/-
per streepsak; blikborde (nuwe) 12-10-0
per 100 of 9d. elk; kosbakke 1/6 elk;
panne 1/6 elk; bandoliere 2/- elk.
Skryf of kom na: T. J. MOSTERT,
Tweedehands Meubelhandelaars, Lady
Greystraat 93, Paarl. 21/5/Tk

RADIO

LOUW EN LOUW, die Berosemd
Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW,
verkoop en herstel Radio's en Elektriese
Toestelle. Geregistreerde Elektrisiel-
aannemers. Foon 9-8436.

Staan Honger Van
Tafel Af Op
Duitse Moeders Se
Versugtinge

Ellendiger en hongerder kan ons nooit word
nie. Dit is vreeslik om altyd honger te wees en
elke keer honger van die tafel af op te staan. Een na
die ander gaan vinnig die einde tegemoet. Ons het
niks meer om aan te trek nie.

Met hierdie woorde beskryf 'n
Duitse moeder haar nood in 'n
brief aan familiebetrekkings in
Suid-Afrika. Dit is na hierdie
Duitsland dat die regering in
die uitoefening van sy wraak,
die Duitsers wat aanbeveel is
vir deportasie binnekort sal
stuur.

SAAMGEHOK

„Dit is alles so troosteloos. Ag
dit is vreeslike tye waarin ons
leef. Kommer en ellende is
orals. Ons is hier nege persone
in een kamertjie saamgehok.
Hongerder kan ons nie word nie.
Ons het niks meer om aan te
trek nie, geen skoene en geen
klere nie,” skryf die moeder van
'n gesin.

„Al die fabriek is verwoes en
uitgebrand. Duisende vlugtelin-
ge oorstroom die land. Elkeen
het net 'n klein bondeltjie, ver-
der niks. Hierdie vlugtelinge se
voorvaders het honderde jare in
die Ooste gebly, maar word nou
weggeja. Hulle was welgestelde
mense, maar besit nou niks en
oek geen vaderland of iets wat
hulle, hul eie kan noem nie.”

„Ons het nie meer woorde
om ons nood te beskryf nie.
Ons is verhongers en verdryf;
oral is die nood so hoog. 'n
Tyd gelede het ek nog 85
pond gewee. Nou weeg ek

'n Wynbergse magistraat, mnr.
J. J. van der Westhuizen, het
verlede week 'n koëlskoot in sy
motor se venster gekry toe hy
en sy vrou die aand in die hoof-
straat van Wynberg gery het.
Die skoot is uit 'n systraat ge-
vuur, maar het niemand getref
nie.

TE KOOP GEVRA

BENE. — Die voorsiening van been-
meel is kort. Alle persone wat toegang
tot bene het, word ernstig versoek om
dit sonder versuim aan ons te stuur.
Ons betaal 17 per ton (7/- per 100
pond) vry op spoor u ataste of sylin.
Dit is noodsaaklik dat adviesbriewe ge-
pos moet word as bene gestuur word.
Spoedige betaling word verseker. Leë
sakke word VRY teruggestuur. Ons voe-
dingvoorsiening hang af van die voer-
siening van beenmeel. — S.A. HUNT
BEENMEEL- EN KUNSMIS-MAAT-
SKAPPY, Warrenton.

VAKANSIEOORD

Kom kamp uit by die UITKAMP
MINERALE SWEMBAD, 9 myl vanaf
Naboomspruit. Uitkamp 10/6 of randa-
vel 11/10/- per week. Swem ekstra.
Bring tente en kos. — C. VILJOEN,
Driefontein, Naboomspruit. 25/6/2B

PLAAS TE KOOP

Daardie goed verbeterde en uitstekende
vee-saaitplaa, WELGELEGEN, dist-
rik Jacobsdal, groot 2,000 morges. Die
verbeterings bestaan uit eerste klas woon-
huis, buitegeboue, motorhuis, voer-
en pakkamer. Drie groot gemesselde klip-
krale. Die eiendom is goed omhein, en
verdeel in vyf velkampe. Water is vol-
op op alle dele van die plaas. Water
is aangeleë tot voor die deur en daar
is 'n telefoon in die huis. Die veld is
gebroke, deels Karoo en ganna en nog
bale ander bossiesoorte, deels grasveld.
Dis 'n kans wat 'n mens nie moet laat
verby gaan nie. Prys billik. Verdere
besonderhede by: J. J. GROBLER,
Welgelegen, P.K. Michville, Telefoon
213, MICHVILLE. 11/6/3

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE
EIERE en ander PRODUKTE aan
te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.

(Edms.) Bpk
MOREMARK (Posbus 7185) Newton

Sakbeheer
Beskuldig
As Oorsaak
van Tekort

Sakinvoerders in Suid-
Afrika het die afgelope
week aanvalle op die be-
heer van goeding gedoen en
beweer dat dit verant-
woordelik is daarvoor dat
nie genoeg sakke aange-
koop kan word nie.

'n Firma in Johannesburg wat
sakke invoer, het verklaar dat
hy verskeie aanbiedinge vanuit
Ceylon en Amerika gekry het
vir die aankoop van sakke. Deur
die optrede van die kontroleur
is hulle nie in staat om dit te
doen nie. Ceylon sou 'n aanbod
van 10 miljoen sakke gemaak
het terwyl die agent in Amerika
van 25,000 gepraat het. Die prys
van die sakke was minder as
twee sjielings stuk.

Om homself teen hierdie aan-
klag te verweer, het die Kontro-
leur van Sakke 'n verklaring
uitgereik waarin hy aanvoer dat
hy vir die Unie genoeg sakke
aangekoop het vir die volgende
twaalf maande, maar...dat slegs
'n baie klein gedeelte daarvan
afgelewer is.

Honderenne Word
Afgeskaf In Tvl.

Vanaf 1 Julie 1949 sal hon-
de wedrenne in die Transvaal
in die ban gedoen word, aldus
'n besluit van die Uitvoerende
Komitee van die Transvaalse
Provinsiale Raad. Met hierdie
besluit van die Raad, is die
jarelange stryd van die Kerk
teen hierdie ewel met sukses
bekroon.

'n Ordonnansie om hierdie
besluit van krag te maak, is in-
gedien. Die speling van twee
jaar word gegee sodat die cie-
naars van die hondewedrenne
geleentheid sal hê om hul huis
in orde te bring.

Gedurende die begin van die
sitting het administrateur Pie-
naar 'n konsep-ordonnansie in-
gedien waarin hy die honde-
wedrenne slegs wou beperk
maar nie afskaf nie. Die in-
komste vir die provinsie daar-
uit beloop jaarliks ongeveer
£340,000. Sy voorstel het hewi-
ge protes van alle politieke
partye in die raad uitgelok.

Groot Aantal
Misdadigers
Dood Geskiet

Minstens sestig aanraders
en inbrekers is in die Unie ge-
durende die afgelope drie maan-
de doodgeskiet in hul pogings
tot roof en aanranding. Op so-
wat dertig is skote afgevuur.
Die meeste van hierdie gevalle
het aan die Rand voorgekom
waar daar in die jongste tyd 'n
oplewing in misdadigheid was.

Die polisie is verantwoordelik
vir die meeste van die skote
wat afgevuur is, terwyl 'n hele
paar inbrekers deur die inwo-
ners self geskiet is.

Toestande In
Rusland Nog
Digter Gehou

Die gordyn van geheimhou-
ding in Rusland waar geen
amptenaar of burger sy lewe in
gevaar sal stel deur iets omtrent
Rusland te verklar nie, is nog
digter getrek deur 'n nuwe bevel
van die Russiese regering dat
groter voorsorgsmaatreëls ge-
neem moet word sodat geen
staatsgeheime uitlek nie. Die
bevel het betrekking op ampte-
nare sowel as burgerlikes.

Nuwe strawwe om hierdie
misgryp te wreck, is afgekondig.
Amptenare wat inligting ver-
strek sal vir tien of twintig jaar
na 'n arbeidskamp gestuur word
en burgerlikes vir vyf of tien jaar.

Nuus van Ons Kommando's

Noordelike Generaals

Dreun Mekaar Op

Soutpansberg

Benewens die groot laertrek wat in hierdie Generaalskap gehou word, van 2 tot 9 Julie te Doornhoek, Groot Spelonke, wedywer kommando's om mekaar te oortref met die insameling van fondse vir 8 Augustus.

Oral verneem ons hoe bedrywig kommando's in hierdie generaalskap is om ledegelde in te vorder, hulle is vasberade om alle lede ingeskryf te kry voor die einde van Julie.

Generaal Japie Eloff, aanvoerder in Soutpansberg, begin 'n uitdagende houding aanneem. Hy is oortuig daarvan dat die Soutpansbergers hierdie jaar die boonste sport gaan bereik.

Hy het nou die dag o.a. aan sy offisiere gesê dat hy verwag 'n hoë besoeker op 5 Julie by die laertrek en wil daarom almal daar teenwoordig hê. Wie die besoeker is, wou hy nie uitlaet nie.

Waterberg

Generaal P. P. J. van Rensburg, laat nie toe dat ander generaalskappe hom oortref nie. Hy is so bedrywig met organisasiewerk dat hy nooit tuis is om korrespondensie te beantwoord nie. Gebiedshoofkwartier moes spesiaal vir generaal M. M. Smith stuur om vas te stel wat gaande is.

Peut, soos hy alom bekend is, is ook hard besig met die organisering van sy laertrek van 14 tot 19 Julie te Nylstroom.

Behalwe die groot laertrek wat hy besig is om te organiseer is Peut vasberade om, indien nie eerste dan tweede op die lys te staan met Fondsdag. Wat ledegeld betref sê hy, „gaan ons sekerlik voor die einde van Julie vir Gebiedshoofkwartier toon, dat ons moeg en sat is vir hulle verwytery; dat ons nie ons deel ten volle nalkom nie. Alle ledegelde sal voor daardie tyd ingesamel en oorbetal wees.”

Belfast, Lydenburg

Generaal H. Neethling, oom Hendrik, kan hom soms bloedig vererg as dinge verkeerd loop. Ons verneem dat hy sy voet neergesit en geëis het dat sy generaalskap voor die einde van Julie op volle sterkte gebring moet word.

Daar word beweer dat oom Hendrik se kommando's in die veld gesprong het om fondse in te samel vir Fondsdag en die mening is dat hulle selfs hierdie jaar hulle eie rekord gaan slaan.

Pretoria-Oos

Wat werklik aan die gang is in hierdie Generaalskap, kan nie met sekerheid gesê word nie. Sommige sê „dat oom Kobie sy posisie gaan handhaaf”; ander sê weer „dat sy buurman, neef Gert, hom ver gaan oortref”.

Wat die geval ook al mag wees, generaal Marais, oom Kobie, laat nie gras onder sy voete groei nie, sy kommando's is

lank reeds in dié veld. Daar is gedurig, Kewerlope, Basaars, en Funksies wat gehou word en orals doen kollektelyste die ronde.

'n Vroeëre berig het gemeld dat oom Kobie se kommando's al hard besig is met die insameling van ledegelde.

Koerdoeskop - Northam - Thabazimbi

Hier gaan dit glo woes. Generaal Koos du Toit het sy offisiere byeengeroep en sy opdragte was kort en saaklik. „Fondsdag en ledegeld, hierdie twee sake moet onmiddellik aandag geniet. Ledegeld moet voor die einde van Julie ingevorder en oorbetal word aan Gebiedshoofkwartier. Die insameling van fondse vir Fondsdag moet dadelik in aanvang neem”. Daar word verwag dat groot verrassings uit oom Koos se afdelings aan kom is.

Koster - Swartruggens

Uit die as en puin van die verlede het verrys 'n Jan Kruger, doelbewus en vasberade, met net een doel voor oë, „Oorwinning”. Generaal Jan Kruger glo dat hy van hierdie generaalskap 'n generaalskap gaan maak wat gelykstaan met die beste in die land.

Generaal Jan Kruger se kommando's is reeds 'n geruime tyd hard besig met die insameling van fondse vir Fondsdag en met die invordering van ledegelde.

Middelburg - Groblersdal - Roosenekal - Cullinan

„Geen nuus is goeie nuus”. Oom Piet Bosman, is doodstil maar érens is daar tog 'n lekkasie. „Oom Piet is besig met groot planne”, word gesê.

NOORD-TRANSVAAL TREK LAER

'n Opleidingslaertrek van die Ossewabrandwag in Noord-Transvaal word vanaf 14 tot 19 Julie op die Plaas Grootvlei, twee myl ten ooste van Nylstroom op die Settlers-Nylstroompad, gehou.

Tydens die laertrek op 17 Julie, sal die Kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, die laergangers toesprek oor die kwessie van samewerking tydens die aanstaande verkiezing. Dit is dringend noodsaaklik dat diegene van die omliggende generaalskappe wat nie die laertrek bywoon nie, die vergadering wat om 2.30 nm. plaasvind, moet bywoon.

Van alle offisiere word verwag om die laertrek by te woon, en indien moontlik elke brandwag, man, vrou en kind. Die kamp word verdeel in drie laers: vir mans, vroue en huisgesinne. Persone wat onder eersgenoem-

„Fondsdag in my generaalskap sal 'n hele paar ander generaalskappe laat verbaas staan”.

Daar het nog iets uitgelek. Offisiere wedywer teen mekaar om eerste te wees met die oorbetal van ledegeld. Daar word so hard gewerk, word vertel, dat vrouens in sommige gevalle, mans in ander gevalle, nooiens weer in ander en jongkêrels in sommige gevalle, mekaar verwyrt dat daar gans te veel uithuisigheid plaasvind. Daar is glo klagtes by oom Piet ingedien, maar hy steur hom nie daaraan nie. „Bevel is bevel” sê hy.

Rustenburg - Brits

Generaal D. Dannhauser, 'n ou Nataller, dus 'n vuurvreter, weet hoe om die drade te trek.

Sy opdragte is klaar en duidelik. „Fondsdag en ledegeld geniet nou aandag en niks mag in die pad staan om te verhinder dat dit 'n sukses gaan wees nie”.

Zeerust - Groot Marico

Oom Tinie moes deur omstandighede die tuig neerlê. In sy plek staan generaal C. F. Grönum, 'n militêr by uitstek, geen nonsens sal deur hom geduld word nie. Sy bevels is kort en kragtig. „Opsaal Boere, Fondsdag! Ledegeld moet nou dadelik 'n begin mee gemaak word”. En dit word ook gedoen, so word vertel.

Nelspruit - Komatipoort

Groenteboere is aangename mense, hulle klae nooit, behalwe as dit in die winter in die Middeveld reën, dan is pryse van groente te laag. Op die oomblik is dit bitter koud en ryp dit baie op die plekke wat 'n doring in hulle oog is.

Ons verwag net goeie nuus uit die laeveld. Generaal P. H. Kritzinger laat hom nie afskrik deur praatjies nie; hy is vasberade om sy sterk posisie teen alle koste te handhaaf.

Potgietersrust - Pietersburg

Generaal D. P. Verwey, wat hoofgeneraal Gibson te hulp gesnel en hom ontroof het van sy dubbele pak, se posisie is baie sterk. Sy generaalskap, hoewel baie uitgesprei, is 'n baie sterk O.B.-nes en daar is glo baie eiers ook in die nes. Dis daarom dan ook dat hy hom so veilig voel en weinig van hom laat hoor.

Daar is sprake dat generaal Verwey bo-op die lys gaan staan hierdie jaar, wat sowel ledegeld as Fondsdag betref. Terloops ons het dit ook verwag. Ons wonder wat Peut hiervan sal sê.

Pretoria-Wes

Generaal G. H. Beetge, neef Gert, het al begin navraag doen waarom daar soveel skakelstories in Pretoria die ronde doen, „dat hy sou geswig het voor om Kowie se generaalskap; dat hy ver agter is wat ledegeld en Fondsdag betref”.

Ons verneem van neef Gert dat hy in een enkele kommando, vroeër onder oom Kobie, meer as vyftig persone opgespoor het en dat daar baie sulke plekke in sy generaalskap is. Neef Gert meen dat hoewel hy die jongste generaalskap het, hy tog nog die beste gaan presteer. Alles dui daarop dat dit bes moontlik die geval gaan wees.

Al sy kommando's het net twee dinge voor oë: Fondsdag! Ledegeld!

PAS ONTVANG VAN OORSEE
SWALLOW
 REËN-, WARM- EN GABERDIEN-JASSE.
PRYSE BAIE BILLIK
 Plaas dadelik u Bestelling by
Van Zyls DIE MANSWINKEL
 Foon 791 — Posbus 233
HOOFSTRAAT PAARL

EXCELSIOR WYNE, BRANDEWYNE EN LIKEURE

Die alombekende drankies. Die skoonste van kleur, die fynste van geur wat u ooit geproe het. Drinkies wat nie alleen pryse wen op tentoonstellings nie; maar wat deur alle fynproewers aangeprys word.

PRYS LYS		Per bottel in kassies van 12 bottels	Per gelling in 5 gellings-vaatjies	PRYS LYS		Per bottel in kassies van 12 bottels	Per gelling in 5 gellings-vaatjies
WYNE:				VONKELWYNE:			
On Port	2/9	—	—	Grand Spumante (Soeterig)	10/3	—	—
Inwalide Port	3/3	—	—	Grande Splendore (Droog)	7/9	—	—
Spesiaal Soet	2/9	12/6	—	Vonkel Boergonje	8/9	—	—
Wit en Rooi Jeridiko	2/-	10/-	—	BRANDEWYN:			
Wit en Rooi Malmsey	2/-	10/-	—	Aurora V.S.Q. (Die allerbeste)	10/-	—	—
Wit en Rooi Muskadel	1/11	9/8	—	Eureka	8/8	—	—
Soet Port	1/11	9/8	—	A.L.	8/-	—	—
Port, Pontak	—	—	—	Royal	8/8	—	—
Worcester Hoek	1/10	9/-	—	Boegoe	7/6	—	—
Spesiale Stierrie (Soeterig)	1/10	9/-	—	LIKEUR:			
Goudkleurige Stierrie	1/9	8/6	—	Peperment, Perske, Appelskoos, Piesang	7/-	—	—
On Bruin Stierrie	2/6	—	—	Kersie, Anys, Gemmer	—	—	—
„Cocktail”	4/3	—	—	Naaltie	6/6	—	—
Vermouth (Droog of Soet)	3/-	—	—	Van der Hum	6/6	—	—
Swarberg Stierrie	2/9	—	—	JENEWER (GIN):			
DROE WYNE:				Droë, Lemoen, Suurlemoen	7/6	—	—
Boergonje (Rooi)	2/-	—	—				
Riesling (Droë Wit)	1/9	—	—				

VERKOOPSVORWAARDES: (1) Bestellings moet bestaan uit 12 bottle of 5 gelling vaatjie, of veelvoud daarvan. (2) Voeg by 20/- deposito per vaatjie of 5/- per kassie met bottels. Hierdie deposito's word dadelik aan u terugbetaal op ontvang van die lê goed, vrugdelik betaald na Viskteplanta-stasie. (3) Stuur kontant plus deposito's met bestelling of ander lewer ons k.b.n. u naaste stasie.

EXCELSIOR WYNAKERY (EDMS.) BPK.
 POSBUS 1, VLAKTEPLAATS-STASIE, K.P.

Afrikaanse Rolprente In Wording

Afrikaanse films sal eersdaags 'n definitiewe plek inneem in die filmvervaardiging van 'n Suid-Afrikaanse filmmaatskappij wat besig is om 'n ateljee vir die vervaardiging daarvan in Johannesburg op te rig. Die eerste film in hierdie reeks „Die Pantoffelregering” is reeds besig om vervaardig te word onder spelleiding van Pikkie Uys.

Die vraag na Afrikaanse films het sedert die afgelope jare aansienlik toegeneem en maatskappij word aangespoor deur die wete dat die vervaardiging en vertoning van Afrikaanse films 'n winsgewende onderneming geblyk het.

Die mening is deur een van die maatskappij uitgespreek dat die volksraad wetgewing moet aanneem waardeur dit verpligtend gemaak word dat teaters minstens 15 persent Afrikaanse films jaarliks moet vertoon. Op hierdie wyse sal die Afrikaanse film-nywerheid op die been kan kom. In Engeland en verskeie ander lande is sodanige kwota-wetgewing van krag ten opsigte van buitelandse rolprente.

Die noodsaaklikheid van Afrikaanse films is reeds drie jaar gelede deur 'n regeringskommissie uitgespreek, dog niks is tot dusver van ampsweë gedoen om in die behoefte te voorsien nie.

Sangiro Na Suidwes

Die bekende Afrikaanse skrywer en dierkenner, Sangiro (mnr. A. A. Pienaar), het 'n betrekking in Suidwes aanvaar. Sy werk staan, na verneem word, in verband met die beskerming van wild en moontlike uitbreiding van die toeristeverkeer na daardie gebied.

Die Parlementêre Front

L.V. Skielik Sleg Na Bedanking

Die H.N.P.-pers het verlede week met 'n berig gekom dat die Verenigde Party se hoofbestuur dit baie sterk oorweeg het om 'n verkiesing onmiddellik na die besoek van die koning te hou, maar dat die voorneme in duie gestort het weens die onvermoë van die Staatsdrukker om die kieserslyste voor daardie tyd gereed te hê.

Inmiddels is 'n nie alte geringe sensasie in partykringe veroorsaak weens die bedanking van 'n Verenigde Party-L.V. in Transvaal. Mnr. J. B. Wolmarans van Losberg, 'n lewenslange vriend van genl. Smuts het aangekondig dat hy uit die party bedank het en later sal besluit oor wat hy gaan doen.

As redes vir sy stap het mnr. Wolmarans die kleurbeleid van die regering genoem en die besluit om die Duitse geïnterneerdes te deporteer. „Hoe kan ek aan my kiesers gaan sê dat dit nodig was om daardie mense vir die veiligheid van Suid-Afrika die land uit te stuur?” het mnr. Wolmarans gevra. „Ons wil juis meer blankes in die land hê, en ons stuur 'n groot aantal die land uit na verhoongerde Europa.”

KOMMENTAAR

Bitsige kommentaar gemeng met verborge vrees was te lees in die reaksies van veral die Engelse pers op hierdie aangekondigde stap. „Mnr. Wolmarans het onnodig lank geneem om uit te vind dat hy 'n politieke misplasing was, en dat toe hy hom gedronge gevoel het om na die kiesers van Losberg in 1943 te vry, hy blybaar die fluistering van ambisie aangesien het vir die klein stemmetjie van sy gewete,” het dit vlymend gekom van die Cape Argus. Die Cape Times was meer gematig in sy kommentaar en het dit as 'n vingerwyling voorgelê van wat verwag kan word as „die kleurvoordele uitgebuit word” deur die opposisie. Die blad waarsku die regering om nie terwille van

hierdie druk toe te gee in 'n poging om met die opposisie mee te ding of te kompromiteer ten koste van die nie-blankes nie.

Gerugte wou dat mnr. W. B. J. Prinsloo van Pretoria-distrik die voorbeeld van mnr. Wolmarans gaan volg. Laasgenoemde het dit egter in 'n persverklaring ontken, hoewel dit bekend is dat ook hy baie ongelukkig voel met die verloop van dinge in sy party.

REEDS TIEN DAE DOOD

Nadat hulle klaarblyklik tien dae reeds oorlede is, is die lyke van 'n bejaarde egpaar in hul huis in Nuwelande, Kaapstad, aangetref. Albei het blykbaar deur middel van 'n skoot uit 'n haalgeweer aan hul einde gekom. Die polisie stel nog ondersoek in maar 'n briefie met 'n verklaring is by die vrou gevind.

AANKLAG WAS ONGEGROND

Van die kant van kommunistiese agitators word voortdurend beweer dat lede van die Suid-Afrikaanse Polisie derderangse metodes teen nie-blankes gebruik wanneer hulle dit nodig vind om van hierdie mense te arresteer.

Verlede week het daar 'n soortgelyke klag in die kaapse Hooggeregshof gediën toe twee nie-blanke persone aangevoer het dat hulle tydens hul inhegtenisname met fietskettings geslaan is. Nadat getuïenis gelewer is het regter Newton tot die gevolgtrekking gekom dat die klag ongegrond is.

Duitse V2 In Vrede

„'n Skadelose V2 lê by die beroemde Duitse navorsingsbasis Peenemünde. 'n Tyd gelede is herhaalde keer berig dat vuurpyle oor Swede gevlieg het en die gedagte is uitgespreek dat die Russe besig is om die Duitse proefnemings voort te sit.

Duitser Vestig Sy Hoop op Oorlog

Hoewel die gevaar volgens waarnemers bestaan dat die Duitse volk na Rusland mag omsien om redding in die verknorsing waarin Westerse kortsigtigheid hulle gestort het, is daar tog Duitsers wat die Russe van naby leer ken het, wat bereid is om in alle omstandighede vir die Weste te veg. So skryf 'n Duitse soldaat wat vier jaar lank voor Moskou en Stalingrad geveg het, o.a. die volgende in 'n brief aan sy broer in Suid-Afrika.

„Ek is werklik bly dat ek werk het, maar my hoop vir wat uit

Prov. Stelsel Uitgedien sê Onderwysers

Nadat die Kaaplandse Administrateur verlede week die versoek van die onderwysers om 'n spesiale sitting van die Provinsiale Raad te belê, verwerp het, is sterk besluite deur onderwysers oral in die Provinsie teen die provinsiale stelsel aangeneem.

„'n Liggaam wat onderwys en hospitale wil behou, maar nie in staat is om daarvoor te betaal nie, is uitgedien,” lui 'n besluit van Queenstown se aksiekomitee.

Oos-Duitsland sal ontstaan, het ek nog nie prys gegee nie. Wanneer daar oorlog kom, dan staan ons uitgedroewenes uit die Ooste soos een man by die Westelike moondhede. Hulle het nie nodig om ons te roep nie, ons kom vanself. Ons het met die Slawiese gemors 'n dikke rekening te vereffen.

„Ek glo dat die Ivan (Russe) hierdie keer nie deur die wydte van sy lewensruimte gehelp sal word nie. Hierdie keer gaan dit 'n uitklophou wees. Ons hoop dit gebeur gou! Enige een behalwe die Russe het reg op wêreldheerskappy. As die Russe dit het, sal dit vreeslik wees vir die beskawing.

Die brief was deur die Britse sensor geopen, maar is onveranderd deurgelaat.


Immigrante Kul Die Keurraad

Onder die immigrante wat verlede week van die Carnarvon Castle in Kaapstad aan wal gestap het, was daar ten minste twee wat dit reg gekry het om die immigrasie-keurraad in Londen 'n kluitjie te laat sluk. Hulle was in Londen in staat om die owerheid wys te maak dat hulle wel woonplek in Suid-Afrika het.

Toe hulle verlede week by die immigrasie-beamptes in Kaapstad verby moes kom, kon hulle geen sodanige bewyse toon nie, en het hulle sonder enige huisvesting gesit.

Dit is nie bekend wat uiteindelik van hulle geword het nie.

„Die O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein, Kaapstad.



ENGELSSPREKENDE AFRIKANER WAARSKU TEEN BRITSE SET

Onderstaande is 'n brief wat ons in Engels van 'n persoon wat in Suid-Afrika gebore is, maar wat in Engeland opgegroeï het en wat tans na 25 jaar weer in sy geboorteland terug is, ontvang het. Hy skryf onder die skuilnaam „Oom Paul se Seun”, Rondebosch:

Ek hoop dat dit vir elke Afrikaner so duidelik is as wat dit vir my is dat die beleid wat genl. Jan „Quisling” Smuts volg, afstuur op die kulturele, ekonomiese, territoriale en geestelike verwoesting van Suid-Afrika.

Ons het weer die hele sirkel voltooi na die vraagstuk wat so swaar moes geweeg het by ons Generaals wat die voorwaardes van die wapenstilstand met die Engelse aan die einde van die Engelse oorlog moes teken.

Daardie tyd was dit miskien 'n redelike kompromis en ons het iets van ons land behou, of gemeen dat ons iets daarvan behou het — en die vyand het gekry waarvoor hulle gekom het — die goud.

BEGEER MEER

Hulle is nog steeds in 'n nuwe vorm daaragter by wyse van beslaglegging op die nywerhede, natuurlike grondstowwe en goedkoop arbeid. Maar sedert die

afgelope oorlog wil hulle meer as dit. Nou wil hulle die hele land besit, nie alleen omdat hulle hul eie nes bevuil het nie, en ook die grootste gedeelte van Europa nie, maar hulle sien dat ons land nog ryk is; dit het ook belangrik geword as 'n fabriek vir oorlogstoerusting en 'n toekomstige basis vir die volgende oorlog.

Ek waarsku u, dat wanneer dit gebeur u nie die reg sal hê om te kies of dit u oorlog is of nie u oorlog is nie — u sal verpligte militêre diens moet verrig.

Die doel van die koninklike besoek was om die swakkeres na die nuwe vlag te trek, om die sterke te verswak en die pad van immigrasie voor te berei.

Die doel van die immigrasie is eerstens om stemme vir die volgende verkiesing te kry. (Genl. Smuts sal poog om die kieswet tydens die volgende parlementssitting te wysig sodat die immi-

grante kort na hul aankoms kan stem).

UIT SLEUTELPOSISIES

Tweedens het dit ten doel om die Afrikaners uit die nywerhede en uit die sleutelposisies te kry en hulle te verarm en so die mag van Engeland te versterk.

Hy sal ook aanslae maak op die patriotiese sentrums soos die onderwys en boere bv. langs ekonomiese kanale en dit deur Engelse ekwivalente vervang.

Dit is die situasie soos ek dit sien. Die Afrikanervolk kan nie verslaan word deur 'n direkte vyand nie, maar ons gebrek aan agterdog en ons minlikheid teenoor vreemdelinge kan ons slagoffers maak van die verrotte metodes wat teen ons gebruik word.

As ons vind dat ons van ons taal, leefwyse en land beroof is en onder die regstreekse hiel van Engeland staan, is dit ons eie skuld.



GEKLEUR VIR

NUWE DIENS

KLEURSPESIALITEITE

PAARL STOOMWASSERY

Posbus 35

Foon 214

DIF PAARL

HUGENOOTSTASIE

(Goedere Halfstaf)

★ WAS
★ KLEUR
★ DROOG-
SKOONMAAK